

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 92

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Jesus, man van smarte

. . . vir u

Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja soos een vir wie 'n mens sy gesig verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie.

Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte — dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was.

Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel: die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.

Hy is mishandel hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders — ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.

Uit die druk en uit die strafgerig is Hy weggeneem; en onder sy tydgenote — wie het daaroor gedink dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes? Ter wille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom. (Jesaja 53:3-8).

GEKRUISIG...

ook vir my

DIT is Vrydagmôre. Jerusalem is in rep en roer. Alle beskikbare herberg is vol, omdat die mense daar saamgetrek is vir die Paasfees.

Op hierdie Vrydagmôre het daar egter nog iets gebeur. Daar het 'n hofsitting plaasgevind. Jesus is eers deur die Joodse Raad ter dood veroordeel en daarna is hierdie vonnis deur die goewerneur, Pontius Pilatus, bekragtig. Nou gaan die optog vanuit Jerusalem na die heuwel Golgota. Vooraan is Jesus wat Sy kruis moet dra. Hy is egter so vermoeid vanweë die nag se gebeure, die stryd in Getsemané, die gevangening, die verhoor, die doringkroon wat bloed uit Sy slaap laat pers, dat Simon van Cirene gedwing moet word om Sy kruis te dra.

Wie kan ooit die pyn beskryf as skerp spykerpunte slag op slag deur hamerhoue dieper en dieper deur vel en vlees en been dring! Geen pen sal ooit die intense smart kan neerskryf as bloeddruppels teen die kruishout afdruppel nie.

Dit is pyn! Dit is lyde, maar dit is nog nie die ergste lyde nie! Nee, die dieptepunt van die kruislyde is dat Jesus deur God verlate is... dat Hy deur God vervloek is... dat Hy moes uitroep in hellenood: My God, my God, waarom het U My verlaat!

Waarom moes Jesus so aan die kruis ly? Waarom moes Hy tot misdadiger gemaak word — Hy, die volmaakte, die heilige Seun van God?

O wonder van Gods genade! Hy is gekruisig ook vir my! Deur die sondeval het die mensheid, dus ook ek, die band met God deurgesny. Ons het ons rug op God gekeer. Ons het Sy eer geskend en Sy majesteit aangerand. Daarom het ek prooi geword van die dood... van die hel. In ewige verlorenheid het ek in die dieptes van Godverlatenheid weggesink. Ek het 'n verdorwe, ellendige, vuil sondige mens geword en ek kon nie betaal om weer in geregtigheid voor God gestel te word nie. Nee, alleen God kon deur Sy vrymagtige genade my red en het dit gedoen deur Sy Seun te gee aan die kruis, ook vir my.

Dit het Hy gedoen vir my en elkeen wat Sy Naam bely. Dit dring ons tot diepe dankbaarheid. O, ek wil Hom liefhê en Hom dien, want Hy het alles vir my verdien. Hy is gekruisig ook vir my!

W. J. J. du Plessis.

Ongelooflik

Op die lang pad van Christendom deur die eeue het twee dinge tienduisende slagoffers geëis:

Die een is die kruis — waarom moes dit?

Die ander is die Opstanding — hoe kon dit?

Vir die Jode van ouds was dit reeds 'n struikelblok en vir die Grieke 'n dwaasheid; so skryf Paulus aan die Korinthiërs.

By die kruis en die graf van Jesus skei die weë: die een glo, die ander sê: "Nee!" Die een aanbid en die ander spot.

Festus, die Romeinse goewerneur van Judea, het Paulus een keer selfs toegesnou dat hy kranksinning is toe Paulus gesê het dat Christus, volgens die profete, die eerste moes wees om op te staan uit die graf, Handeling 26:22-24. Christus sal nie die enigste wees om op te staan nie!

Het die verligte mens van die twintigste eeu nie meer rede om "Ongelooflik" uit te roep nie? Ons moet daaraan dink dat ons hier nie met mediese kennis of menslike vernuf te doen het nie. Christus staan uit eie krag op uit die graf.

Hier duik groot raaisels op. Die mens se liggaam is oorgegee aan ontbinding. Wie dink aan lewe by 'n hopen stof wat eenmaal 'n menslike liggaam was? Die mens se liggaam is op elke denkbare manier vernietig: liggame is veras deur tonge van vuur, verorber deur wilde diere, ingesluk deur groot waters, verteer deur sure. Waar is die liggaam van Paulus en van Festus?

Die moeilikheid word nog groter as die Skrif leer dat alle mense sal opstaan. Lees hieroor bv. Matt. 22:31, 32 (vgl. Ex. 3:6); Jes. 26:19; II Kor. 5:10 en Openbaring 20:13. Watter plekke op aarde sal ons gaan soek waar nie reste van die mens is nie? Sy stof lê oral versprei. Sy "oorskot" golf in elke brander. Sy lewelose oorblyfsels waai rond in elke windjie.

Die nuwe liggaam sal sonder gebrek wees (I Kor. 15:35-48)

Sal die aarde, wat reeds spartel met oorbevolkingsvraagstukke, al die mense wat opgestaan het, kan bevat? Ons verstand slaan toe: digte duisternis. Is so iets moontlik?

Ek vra, geagte leser, is God se Woord eers dan waar en aanvaarbaar as ons beperkte (!) verstand dit as aanvaarbaar verklaar het? Sekerlik nie. As God iets belowe, as Hy 'n waarheid bekendmaak, gaan ek tog nie wag totdat die slimkoppe dit gestaaf het nie! Is ons verstand dan die laaste en onweerspreekbare maatstaf? Het ons geen openbaring nodig nie?

Nee, geagte leser, ons logika, ons redenering is: Die Here het dit gesê. Dit geld vir die Skeppingsboodskap in Genesis. Dit geld ook vir die Opstandingsboodskap. Die wonder van die Opstanding is gelykstaande aan die wonder van die Skepping. Ons, die geslag van die twintigste eeu, het al minder aan wonders.

Alles is wonderlik vir 'n kind — totdat hy daaraan gewoon geraak het. God se skepping — al God se werke — is altyd wonderlik ... totdat ons gewoon geraak het daaraan. So is dit.

Die groot werke van die Almagtige en Ewige God het veel meer tyd as jou en my kortstondige aardse bestaan, ja meer as die geskiedenis van die mensdom, nodig om in hul hoogte en diepte en breedte geskat te word. Onthou, al het ons dit nie gesien nie, ons het geloofwaardige getuïenis dat Jesus op aarde was en dat Hy opgestaan het uit die dood.

Die geloof in hierdie getuïenis het groot betekenis vir ons alledaagse lewe. As dit die verhewe en heerlike bestemming van ons liggame is, dan sal ons ons liggame respekteer en oppas.

Ek sal nie dronk word en my liggaam aan verslawing oorgee nie. Ek sal my liggaam dan nie skend of moedswillig in gevaar stel nie. Soos die priesters van ouds die tempel skoongehou het, so sal ek my liggaam skoon hou. Omdat hierdie "verganklike" liggaam 'n ewigheidsbestemming het, sal ek dit hier op aarde rein bewaar.

Die Opstandingsgeloof skep nuwe vergesigte:

'n nuwe hemel

'n nuwe aarde

'n Nuwe Mens na liggaam en siel.

Soos die blom in die saad en die roos in die knop (heerlike Godswonder!), so sluimer die NUWE LEWE in my sterflike lede...

MITS — ja mits ek volgeling is van Hom wat genoem is: Eersgeborene uit die dode.

Waarheen word sy volgelinge geken?

Dat hulle in Hom glo!

Ds. P. G. L. v. d. Walt

Menslike lyding vra meer as medelye

Ware, diepgaande lyding maak jou stil. Dis asof dit eerbied afdwing. Onwillekeurig praat ons sagter by 'n siekbed, loop ons op ons tone waar iemand worstel met die dood. Alles wat ons daar wou sê, klink skielik so oppervlakkig.

Jy begin dink aan jou eie bestaan. Jy sien jousef skielik in 'n ander lig. Jy besef meteens hoe onbenullig en klein en hulpeloos jysel in die groot wye wêreld is.

As jy dan nog in die tydskrifte en koerante lees van duisende mense wat ly — gemarteldes, armoediges, werkloses, in lande waar oorlog steeds woed en waar miljoene dag vir dag op die rand van 'n hongerdood lewe; lande waar aardbewings, oorstromings en pessiëktes talle mense in lyding en ellende stort.

Tog, wanneer jy self moet ly; wanneer jou eie liggaam van pyn ineenkrimp; wanneer jou eie wêreldjie inmekaar stort, omdat jy geestelik nie meer kans sien om voort te gaan nie, dan word jy vir jousef lewensgroot. Dan vervaag ander se lyding, wat selfs groter is as joune en jou eie swaarkry is al wat berghoogte voor jou staan.

Daar is dan niemand wat kan vertolk presies hoe jy voel nie. Jou pyn, jou angs vir die dood, jou gevoel van — niemand begryp hoe ek voel nie — is dan uniek. Dan is daar geen skrywer wat met sy woorde jou kan bevry nie. As jy tog maar net kon weet dat daar een ander mens is wat al gely het wat jy ly; wat presies in woorde kan uitdruk hoe jy voel en wat weet wat jy weet van pyn.

Luister mooi. Daar is 'n Boek waarin jou smarte en lyding weerklank vind. Dit is die Bybel. Daarin is nie maar woorde wat buite jou lewe om sweef nie. In Rom. 10:8 en 9 staan dit: Naby jou is die Woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig: as jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word.

Die Here Jesus Christus kan vertolk wat jy te ly het. Hy het self op die aarde gely. Wat Hy hier gely het, was egter nie ter wille van Homself nie. Geen vernedering, geen pyn of smart wat Hy verduur het, was los van jou en my lewe nie: In Hebr. 4:15 lees ons: Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is, net soos ons, maar sonder sondes.

Jy soek mos medelye. Jy soek mos iemand wat jou lyding kan beskryf. Jesus Christus doen dit volmaak, maar Hy doen veel meer. Hy skenk verlossing vir jou sondes. Geen ander mens wat self sonde het, kan hom vereenselwig met ons lyding en met ons skuld voor God nie. Jesus Christus, die Seun van God, het naby ons gekom... tot by ons en as een van ons. Hy het al ons sondes op Hom geneem. Toe het Hy in ons plek gaan staan om as Middelaar en Borg die volle ewige helse straf van God te dra wat oor ons moes kom.

Jou lyding van vandag en miskien môre het 'n doel — om jou iets te laat verstaan van die ontsaglike liefde van God vir jou! Ons bietjie lyding op aarde geskied nooit sonder God te teenwoordigheid en nabyheid nie, maar Jesus Christus was in ons plek van God verlate, sodat ons nimmermeer deur Hom verlaat sal word nie.

Staan eerbiedig en gelowig stil by die lyding en sterwe van Jesus Christus. Kniel neer en dank God, want dit is 'n offer — van bloed, 'n lewensoffer wat ons met God versoen — vir ewig!

Ds. J. Venter.

Vir die dowwe lamppit

... en die geknakte riet

Diegene wat die lewende geloof in Christus of die vaste vertrouwe van die hart, die vrede van die gewete, die betragting van kinderlike gehoorsaamheid en die roem in God deur Christus in hulle nog nie kragtiglik gevoel nie en nogtans die middele gebruik waardeur God beloof het om dit alles in ons te werk, hulle moet nie mismoedig word wanneer hulle van die verwerping hoor nie, of ook hulle onder die verworpenes reken nie; maar hulle moet vlytig voortgaan om die middele te gebruik, vurig verlang na die tyd van oorvloediger genade en dit met eerbied en ootmoed verwag... aangesien die barmhartige God beloof het dat Hy die dowwe lamppit nie sal uitblus en die geknakte riet nie sal verbreek nie.

(Dordtse Leerreëls I. 16 — agter in die Psalmboek)

U word genooi

*O Almal wat dors het, kom na die waters:
en wie geen geld het nie, kom, koop en eet;
ja, kom, koop sonder geld en sonder prys,
wyn en melk.*

*Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie,
en julle arbeid vir wat nie versadig nie?*

*Luister aandagtig na My en eet die goeie,
en laat julle siel hom in vettigheid verlustig.*

*Neig julle oor en kom na My toe, luister,
En JULLE SIEL SAL LEWE...!*

(Jes. 55:1-3)

MOET ONS DOOIES BEGRAWE WORD?

Die verhaal wat jy nou net aan my vertel het, is 'n tragiese een. Ek bewonder jou dat jy met soveel kalmte oor so 'n verskriklike gebeurtenis kan praat. Jou vrou en jou twee seuns is in een oomblik van jou weggeruk deur die grusame kop-aan-kop botsing. Jy sê al wat jy gelukkig oorgehou het, is die mooi herinneringe aan hulle... dis al wat jou troos in dié dae.

Jy sê toe jy omdraai van die krematorium af waar die verassing van al drie plaasgevind het, het jy so hopeloos verlate gevoel — so asof die lewe vir jou tot stilstand gekom het. Die drie persone wat jy die liefste gehad het, was dood — onherroeplik dood... alles verby... finaal! Die dood het die laaste woord gespreek en dit is ook daarom dat jy die lyke laat verbrand het. Die gedagte om jou dierbares in die graf weg te lê waar dit verteer word — nee dit is vir jou onsinnig. Dan liever binne 'n paar sekondes die liggaam deur die vuur laat verteer.

Het jy gesê onsinnig? Ek moet jou hier weerspreek. Ek wil vir jou sê dat lykverbranding eerder onsinnig is en nie die begrawe van 'n lyk nie. Het jy nie geweet dat in 'n mens se houding teenoor die dood en die dooies, jou lewens- en wêreldbeskouing duidelik geopenbaar word nie? Kan jy miskien onthou wat was die antwoord op die bekende vraag uit die jare toe jy nog katkisasieklasse bygewoon het? Wat is jou enigste troos in lewe en sterwe? Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself behoort nie, maar aan my getroue Saligmaker Jesus Christus. Weet jy wat dit wil sê? Selfs na die dood het God nog beskikkingsreg oor ons. As ons Skepper het God die laaste woord ook oor ons liggaam te sê — nie ons nie. Ons het nie seggenskap oor ons eie liggaam of oor die liggaam van 'n dierbare nie. God het alle seggenskap. In God se Woord lees ons nie van lykverbranding nie, maar wel van 'n begrafnis! Abraham, Isak en Jakob en hulle vrouens is begrawe. In Deut. 34:6 lees ons dat God self vir Moses begrawe het.

Die Nuwe Testament ken ook niks anders as 'n begrafnis nie. Lasarus en Johannes die Doper is begrawe. Christus self is ook begrawe en het uit die graf verrys. Hierdie leë graf van Christus het die grond geword van ons hoop op 'n salige opstanding.

Christus se opstanding uit die graf is die middelpunt van ons Christelike belydenis. Dit is 'n heerlike profesie — 'n heenwysing na ons eie opstanding in die laaste dag.

Kyk maar rondom jou in die natuur en dan sal jy iets bemerk van hierdie groot misterie. Die koringkorrel word in die grond gesaai en later kan jy niks meer van hierdie saad sien nie. Al wat jy na 'n rukkie sien, is die pragtige, nuwe plant wat daaruit gespruit het. Dit is wat Paulus bedoel as hy in I Kor. 15 praat van 'n natuurlike liggaam wat gesaai word en 'n geestelike liggaam wat opgewek word. As ons aan hierdie voorbeeld dink, dan is die graf vir ons nie meer weersinwekkend nie en dan is dit nie meer die plek waar die vertering die laaste woord spreek nie. Dan word die graf vir ons die akker waar die liggaam in oneer gesaai word, om op God se tyd, by die geluid van die laaste basuin, opgewek te word in heerlijkheid.

Kan jy nou verstaan en insien waarom ek gesê het lykverbranding is onsinnig? Mens gooi tog nie 'n saadkorrel in die vuur as jy wil hê dit moet ontkiem nie. Nee, jy lê dit weg in die aarde en jy gaan stilweg voort wetende dat op God se tyd sal die nuwe plant te voorskyn kom.

Met hierdie wete sal alles nie vir jou verlore en troosteloos wees nie. Dan draai jy om van die graf van jou geliefdes en in jou ore klink die woorde van Christus: "Ek is die opstanding en die lewe, wie in My glo sal lewe al het hy ook gesterwe". (Johannes 11:25).

N. G. Laubscher

Psalm 51: 2, 3, 5

2 U, HEER. wat my deurskou geheel en al,
is van my euweldaad die hoogste weter;
U het die kwaad gesien; dus niemand beter
wat my kan vonnis in my droewe val.
Teen U het ek my sondedaad begaan,
ja, voor u oog deur swaar misdryf gesondig;
dus sal u woord regverdig bly bestaan,
en rein u vonnis, oor my afgekondig.

3 Dis nie dié sonde alleen wat roep om straf:
ek is in ongeregtheid gebore,
en lê voor U in doemskuld gans verlore
al van die uur van my ontvang'nis af.
U eis is waarheid in my binnenst', HEER;
en ek is tot my wesensgrond toe skuldig!
Daal af in my verborge diepte en leer
my daar u wysheid, diep en menigvuldig.

5 Verberg u oog, die vlammelig wat oor
my sonde brand en speur deur al my lede.
Was weg, delg uit my ongeregthede,
herskep my hart wat wegdwing uit u spoor.
Gee my opnuut, o HEER, 'n vaste gees,
dat ek nie só weer van u baan mag gly nie!
Laat my voor U tog geen verstootling wees,
en neem u goeie Gees nie weg van my nie.

IS U DORS ?

Die mens het dors.

Dit jaag om ons. Die mens van ons tyd hyg en gryp na die wêreld asof hy iets van die aarde vir altyd in besit kan kry. Meer geld, groter finansiële sekerheid, meer gemak en plesier. Die mens sal oortyd werk as hy maar iets van hierdie wêreld kan koop. Die punt van versadiging bly steeds buite bereik. Ja, die wêreld het dors na die wêreld.

Gryp u ook so na die wêreld? Is u ook dors? Het u al daaraan gedink dat u by die Fontein van die Lewe verby kan hardloop?

Fontein van die Lewe

Dorstige mens, kom ons gaan staan vir 'n oomblik stil by die Lewensfontein. Daar is 'n veragte kruis geplant op die heuwel Golgota net buite Jerusalem in Palestina. Jesus Christus, die Seun van die lewende God, is daaraan vasgespyker. Sewe keer praat Hy vanaf die kruis met 'n dorstige wêreld. In pyn en lyde tot die dood toe, roep Hy die vyfde kruiswoord uit: EK HET DORS. (Joh. 19:28).

Die Verlosser van die dorstige wêreld roep: Ek het dors. Ons hoor Hom: Hy hyg — 'n sterwenshyg. Hy is dors — sterwensdors. Hy vra water — die eerste lewensmiddel by die bed van 'n sterwende.

Hoor u, gejaagde mens? Jy wat so 'n hewige dors het na die wêreld en die sonde. Die fontein van die lewe ontspring by hierdie uitroep: EK HET DORS.

Word hier gelaaf

Word hier gelaaf as 'n ganse wêreld vanaf Adam, die eerste mens. Die mens wat jaag, hyg en dors het na die aardse dinge, sonder om die punt van versadiging te bereik. As die mens, soos die hert in die woestyn, hoorbaar hyg in koorsagtige dors na geld, plesier en genot, skielik besef dat die lewenstekorte nie uit die aarde aangevul kan word nie. Straks kom die sterfbed met sy doods-dors en erger, die ewige dors van die hel waarvan die ryk man uitroep: Ek ly smarte in hierdie vlam. (Luk. 16:24). Dit is die lewensuiteinde van die dorstige wat by die fontein van die lewe verbygehardloop het en **nou** is die grimmigheid van God ongemeng ingeskink in die beker van Sy toorn. (Openb. 14:10).

Word by Christus gelaaf, saam met die Samaritaanse vrou: Elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie (Joh. 4:14).

Word hier by Christus gelaaf. Ja, gaan na die kerk om verkwik te word aan die vettigheid van God se huis. (Ps. 36:9).

Word hier by Christus gelaaf. Ja, neem die Bybel, God se onfeilbare Woord, ter hand. Om daarin te hoor: Almal wat dors het, kom na die waters (Jes. 55:1).

Jesus Christus het dors gehad, sodat ons in die ewige lewe nie meer honger en nie meer dors sal hê nie, want God sal ons laat wei en na lewende waterfonteine lei. (Openb. 7 : 16).

IS U DORS?

Daar is maar die een Fontein van die Lewe.

J. C. van der Walt

Moenie vrees nie! Hy het opgestaan!

En laat, ná die Sabbat, toe dit begin lig word, teen die eerste dag van die week, kom Maria Magdalena en die ander Maria om na die graf te gaan kyk.

En daar kom 'n groot aardbewing, want 'n engel van die Here het uit die hemel neergedaal en gekom en die steen van die opening weggerol en daarop gaan sit.

En sy gedaante was soos weerlig en sy kleding wit soos sneeu.

En uit vrees vir hom het die wagte gebewe en soos dooies geword.

Maar die engel antwoord en sê vir die vroue: “Moenie vrees nie, want ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is.”

Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar die Here gelê het;

en gaan haastig, sê vir sy dissipels: Hy het opgestaan uit die dode en gaan voor julle uit na Galilea. Daar sal julle Hom sien. Kyk, ek het julle dit gesê.

En hulle het haastig weggegaan van die graf met vrees en groot blydschap, en gehardloop om dit aan sy dissipels te vertel.

En terwyl hulle op weg was om dit aan sy dissipels te vertel, kom Jesus hulle meteens teë en sê: Wees gegroet! Toe kom hulle nader en gryp sy voete en aanbid Hom.

En Jesus sê vir hulle: Moenie vrees nie. Gaan heen en vertel my broeders dat hulle na Galilea moet gaan; en daar sal hulle My sien.

(Matteus 28:1-10).